Sy dag is soos 'n partytjie waar hy die middelpunt van belangstelling is. Maar dis nie net pret nie – dis harde werk, en ontwerper Errol Arendz se dae is trappe op en trappe af.

Deur SUZAAN STEYN

'n Lewe in die dag van

Op en wakker Errol Arendz

'EK het 'n wonderlike huishouer, Nelson. Hy het 'n spesiale formule waarmee hy my soggens sesuur wakker maak. Hy trek eers die gordyne oop en skakel die TV aan. Dan word 'n skinkbord met roosterbrood en tee langs my bed neergesit. Ek staan dadelik op, want sodra daar aktiwiteite om my is, kan ek nie in die bed bly lê nie.

Heel eerste kyk ek eers gou deur die venster na die see. Ek woon in 'n huis in Clifton, Kaapstad, met die berg aan die agterkant en die wonderlikste see-uitsig aan die voorkant. Dan gaan stort ek.

Terwyl ek stort, dink ek aan die dag se werk. As ek klaar is, trek ek my japon aan en gaan sit en maak aantekeninge van wat by die ateljee gedoen moet word. Ek kyk ook na aantekeninge wat ek die vorige aand gemaak het. Ek móét saans aantekeninge maak. Dis wonderlik om in die aand idees te hê en te dink jy gaan dit môreoggend onthou. Dan word jy môreoggend wakker en jou ritme is heeltemal uit en al jou entoesiasme van gisteraand daarmee heen. En jou idees.

My aantrekkery moet vinnig verloop, want ek moet sewe-uur werk toe ry. Buite hardloop ek eers gou deur die tuin berg se kant toe om net vir 'n oomblik daar te staan en na die uitsig te kyk.

Terselfdertyd kyk ek ook sommer wat in die tuin gedoen moet word. Ek is baie lief vir tuinmaak. Ek gaan koop gereeld naweke plante by die kwekery. Dan werk ek heeldag in die tuin met my twee handskoene. Ek sal eerder met my hande in die grond wil werk, maar ek moet realisties wees. Ek kan beswaarlik Saterdag in die grond rondgrawe en Maandag met skurwe hande aan chiffon vat.

Volgende hardloop ek teen die honderd en nege trappies by my huis af ondertoe na my motor. Ons het uitgewerk dit is sewe verdiepings. Gelukkig is dit nie vervelige trappe nie.

Ek is nie juis 'n vroegoggendmens nie, maar vanweë my werk kan ek nie anders nie. Ek het negentien mense wat vir my werk en ek wil voor hulle by die ateljee wees sodat ek die stilte kan waardeer voor die dag se woelinge.

Ek kyk gewoonlik heel eerste in my dagboek watter kliënte almal inkom. Teen nege-uur kom my suster, Gloria, hier aan. Sy kom later as ek, want sy moet eers haar baba versorg en haar seuntjie skool toe neem. Dan bespreek ons miskien die geleentheid wat ons die vorige aand bygewoon het. Ons gaan baie uit en ontmoet gedurig interessante mense. Of ons bespreek persoonlike sake, want dis byna al tyd wat ons kry vir mekaar.

Teen tienuur is dit teetyd. Dan bel ek vir Nelson om die aandete te bespreek. Terwyl ek dit doen, drink ek 'n koppie tee.

In die ou dae het ek koffie gedrink, maar dit maak my te hiperaktief – en ek is al klaar so opgewerk vanweë my werk. Ek sien altyd uit daarna om werk toe te kom. Dit is ontsettend opwindend.

ONS het nie regtig 'n vaste roetine nie. Dán lui die telefoon, dán wil 'n personeellid iets weet. Dán kom hier vriende in wat net kom kuier.

Baie kliënte het goeie vriende geword. Soos Karin Barnard. Sy

HOOFFOTO: Errol in die sitkamer van sy Cliftonse huis.
HEEL LINKS: In sy Franse kamer, waar hy ontspan.
ONDER: By die werk is daar net sewe minute vir middagete.
HEEL ONDER: Errol, Gloria en argitekte.

Foto's: JACQUES STANDER

Errol Arendz is in Kaapstad gebore en het aan die Christian Brothers College gematrikuleer. Ná matriek het hy in Johannesburg aan die Ivor Kirsten Academy of Fashion gaan studeer. Hy het daarna twee jaar in Londen en Parys gewerk. In 1979 het hy teruggekeer na Suid-Afrika en hier begin ontwerp. Intussen het hy die Coty-bekroning as ontwerper van die jaar, asook 'n Catherine-ereprys ontvang. Hy het onlangs 'n nuwe ateljee in Houtstraat, Kaapstad, betrek.

kom ten minste twee keer per week hallo sê. 'n Ander vriendin, Elmien Malan, kom elke Woensdag hier aan. Sy sê sy kan nie deur die week kom as sy nie haar "Woensdag-afspraak" by ons nagekom het nie.

Terwyl hulle hier in die rondte is en ons lag en gesels, kom ander kliënte in en pas aan. Baiekeer is dit vroue wat 'n hele nuwe klerekas wil hê en dan moet jy die hele toetie met hulle sit en bespreek. Ander vroue kom inloer om op die hoogte te kom van wat in die modewêreld aangaan. Dis 'n lekker deurmekaarspul. Soos een groot partytjie. En ons moet almal gelukkig hou.

Gewoonlik is daar nie tyd om aan middagete te dink nie. As daar is, eet ek teen eenuur gou 'n toebroodjie en drink tee sommer hier in die ateljee. Dis óf 'n wegneemtoebroodjie óf een wat Gloria vir my maak as sy haar seuntjie by die skool gaan haal. Wat ek daarop eet, wissel. Vanmiddag was dit *schnitzel* met mayonnaise.

Ek raak gou verveeld met kos, daarom moet ek dit afwissel. Die een dag is dit 'n toebroodjie, die ander dag net slaai. Sodra ek swaar of ongemaklik voel, eet ek niks nie.

Ek is deesdae baie gesteld op my gesondheid. Ek is bevoorreg, want ek het 'n private gim-instrukteur wat sê wat ek mag en nie mag eet nie. Ek het lank gesukkel om gewig aan te sit. Met al die stres van die werk en die ge-op en -af verbrand 'n mens baie energie.

My etenstyd duur sewe minute en dan begin die sirkus weer. Ons het 'n tydjie gelede ons nuwe ateljee in Houtstraat gekoop, 'n pragtige plek wat ons nou restoureer. Hier is dus gereeld argitekte en binneversierders wat kom onderhandel en praat en besluit.

Tussendeur ontwerp ek nog die hele tyd en hardloop van die een werkster na die ander. Elke nou en dan moet ek kyk hoe die klere aan die poppe lyk, waar die knope moet kom en watter afrondingswerk gedoen moet word. Die basiese werk word vir my gedoen deur patroonmakers, maar ek moet die fyner detail aanbring. Dit is soos 'n koek waarvan jy die resep het, maar om die koek te kan verkoop, moet jy hom reg versier. Ek is die versierder.

Ons het ook dikwels afsprake met agente van wie ons materiaal aankoop. Hulle kom hierheen met al hul monsters en ek besluit wat ons moet bestel. Terwyl ek kies, maak Gloria sommetjies om te kyk hoeveel geld ek bestee. Sý is die een wat die hele tyd die leisels inhou sodat ek nie te ver weggevoer raak nie.

Intussen hou die foon aan met lui en is dit weer vriende en kliënte wat kom en gaan. En dan skielik kom staan die personeel hier met hul handtasse, want dis al vyfuur en hulle is op pad huis toe. Dan voel dit vir my nog soos middagete.

OP pad terug luister ek na my gunsteling-musiek, jazz. Veral Joe Sample s'n. Smiddae ry ek Kampsbaai om, want die pad is meer skilderagtig. Ek is mal oor die natuur. Ongelukkig kan ek nie ongemerk reis nie. Mense herken 'n mens altyd en jy het nooit privaatheid nie. Ek het eenkeer probeer om op safari te gaan. Ek het gedink niemand sal my in die bos herken nie en toe, ná 'n paar dae, het my klere begin wegraak – mense het dit gesteel as aandenkings. Daarom vermy ek liefs sulke situasies.

As ek by die huis kom, klim ek weer die honderd en nege trappe op huis toe. Jy kan dink as ek iets in die motor vergeet het!

As ek die aand moet uitgaan, hou Nelson vir my 'n Scotch en soda reg en tap my bad in, so ek kan net opstap en in die bad klim. Nelson weet reeds wat ek gaan dra, so ná die bad is my klere reg en kan ek net aantrek.

Uiteindelik kan ek dan koerant lees in die halfuur voordat ek uitgaan. Tussen sewe-uur en halfagt.

Ek kom enige tyd tussen elfuur en twee-uur weer tuis. In die winter stook Nelson die vuur en as ek terugkom, gaan sit en staar ek in die vlamme. Dié tyd van die aand luister ek na klassieke musiek.

Dan raak ek nostalgies. Ek hou van mense met diep nostalgiese siele, wat graag wil weet wat dit is wat die menslike brein laat 'tiek', wat weet watter doel hulle op die planeet het en waarheen hulle op pad is. Ek haat oppervlakkigheid. Miskien omdat ek in so 'n oppervlakkige wêreld werk.

Ek glo nogal in reïnkarnasie. Ek vra altyd hoekom ek is soos ek is. Hoekom kom ek in Parys en ervaar 'n warm gevoel as ek op sekere plekke kom? Hoekom ontmoet ek beroemde Europeërs en ons 'kliek' net? Waar kom dit vandaan, by my wat van Afrika kom? Ek is 'n *Capie*, man! Ek weet reïnkarnasie is taboe vir 'n gelowige, maar dié gewaarwordinge laat my wonder. En dit verhinder my nie om 'n Christen te wees nie.

Ná al die nostalgie gaan stort ek weer en dan is dit bed toe.

As ek die aand nie uitgaan nie, is dit heerlik. Ek kry baie interessante uitnodigings, waarvoor ek nie kan nee sê nie. Maar 'n tyd gelede was ek drie weke lank elke aand uit. Dit raak erg. Bedags by die werk is dit al klaar soos 'n partytjie. Ek is soms nie lus om saans van voor af te gesels nie.

As ek dus nie uitgaan nie, kom klim ek tuis in die bad. Daarna wag ek vir my gim-instrukteur, Dawid. Ek bad of stort drie tot vier keer op 'n dag. Ek het selfs 'n badkamer by die werk. Water maak die siel skoon. Dis baie terapeuties. Met 'n lekker bad kan ek die dag se stof en stres en hiperaktiwiteit alles afwas en soos 'n nuwe mens voel.

Gelukkig het ek 'n klein gimnasium by die huis waar ek kan oefen. Ek oefen 'n uur lank, gaan klim weer onder die stort en gooi myself op die bed neer. Dan lees ek tydskrifte. Ek koop omtrent agt per week. Altyd *Vogue, Vanity Fair, Sarie* en nog 'n klomp plaaslikes en oorseses. Ek hou daarvan om te weet wat in die wêreld aangaan.

Gewoonlik eet ek sommer in my kamer voor die TV.

As hier mense is, eet ons onder. Aandete verander gedurig. Gisteraand was dit frikkadelle met 'n Griekse slaai en knoffelbrood. En koffie met kaas. Laataand het ons pannekoek voor die kaggel geëet.

Die kosmakery is Nelson se forte. Jare gelede, as ek gehoor het van mense wat nooit in hul kombuis kom nie, het ek gewonder hoe op aarde 'n mens dit regkry. Nou doen ek dit ook en dit raak al hoe erger, want as Nelson vry het, weet ek nie waar hy die goed hou nie. Dan kry ek skaam omdat ek nie weet wat in my eie kombuis aangaan nie.

Hier teen elfuur gaan die gaste huis toe. Dan gaan stort ek en klim in die bed. Teen dié tyd sal ek miskien gou weer koerant lees of so twee tydskrifte. Teen twaalfuur slaap ek, want môreoggend sesuur begin alles weer van voor af."